FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS



## JUNIE 2025

**Maandag 2 Junie:** FEBA ELSEA hou gereeld kampe vir jongmense van etniese minderheidsgroepe, waar hulle die evangelie deel en Bybelonderrig gee. Armoede kom algemeen voor in die berge van Suidoos-Asië en baie jongmense leef sonder hoop vir die toekoms. Bid dat FEBA ELSEA se kampe en uitsendings die jeug sal aanmoedig om hulle hoop in Christus te vind.

**Dinsdag 3 Junie:** "Hoewel ons nog nooit ontmoet het nie, nie aan mekaar verwant is nie, en in verskillende lande woon, voel dit asof God se liefde ons verbind. Ek wil net sê: ons is mal oor hierdie radioprogram." (FEBA-luisteraar van die Mien mensegroep)

**Woensdag 4 Junie:** "Dus, my geliefde broers en susters, staan baie vas, onbeweeglik. Gee altyd julle allerbeste vir die Here se werk, want julle weet voor die Here is alles wat julle doen die moeite werd." (1 Korintiërs 15:58 NLV)

**Donderdag 5 Junie:** Bid vir FEBA ELSEA se leiers, wat meer as 20 taal-spanne lei in die verkondiging van die evangelie in die berge van Suidoos-Asië. Die spanne kom allerhande gevare en teenstand teë. Bid dat FEBA ELSEA se leiers hul spanne met God se wysheid en beskerming sal lei.

**Vrydag 6 Junie:** Het jy geweet? Russies is 8ste op die lys van tale wat die meeste gepraat word, met sowat 260 miljoen sprekers. FEBA deel al sedert die laat 1940s die Goeie Nuus met Russiessprekendes en hou daarmee vol ten spyte van teenkanting. Bid vir krag en vrymoedigheid vir die FEBA Rusland-span, en dat hul getroue diens sal vrug dra.
Saterdag & Sondag 7-8 Junie: Die Buryat-mense is 'n Mongoolse etniese groep met 'n bevolking van sowat 500,000 wat hoofsaaklik in Siberië woon. Hulle is onbereik – minder as 1% van die Buryat is Christene, terwyl die meerderheid 'n mengsel van Boeddhisme en sjamanisme beoefen. Boonop het hulle geen toegang tot 'n opgedateerde Bybel in hul taal nie. FEBA saai die Goeie Nuus aan die Buryat-mense in hul eie taal uit. Bid dat Buryat-luisteraars hul harte sal oopmaak en Christus deur FEBA se uitsendings sal leer ken.

**Saterdag & Sondag 7-8 Junie:** Die Buryat-mense is 'n Mongoolse etniese groep met 'n bevolking van sowat 500,000 wat hoofsaaklik in Siberië woon. Hulle is onbereik – minder as 1% van die Buryat is Christene, terwyl die meerderheid 'n mengsel van Boeddhisme en sjamanisme beoefen. Boonop het hulle geen toegang tot 'n opgedateerde Bybel in hul taal nie. FEBA saai die Goeie Nuus aan die Buryat-mense in hul eie taal uit. Bid dat Buryat-luisteraars hul harte sal oopmaak en Christus deur FEBA se uitsendings sal leer ken.

**Maandag 9 Junie:** Kom ons bid vandag ernstig vir die mense van Oekraïne en Rusland. Albei lande het reeds 'n hoë prys in hierdie oorlog betaal. Bid vir die FEBA-spanne wat daagliks uitsaai, ten spyte van die risiko of persoonlike pyn, en bid dat die luisteraars wat na FEBA se programme luister, die waarheid en hoop sal vind waarna hulle soek.
Dinsdag 10 Junie: "Ek het so baie uit julle programme geleer – al die verskillende maniere waarop ons die kinders kan help. Ek en my man kan nie aanneem nie, maar ek werk nou as vrywilliger met hierdie kinders. Dit is wonderlik om te sien hoe hulle oopmaak vir die wêreld, hoe hulle begin verander. En hulle is so gewillig om meer van Jesus te leer." (FEBA-luisteraar in Rusland)

**Woensdag 11 Junie:** "[Ons] beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God ... Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding, en volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop. En die hoop beskaam nie, want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is." (Romeine 5:2-5 Afr20)

**Donderdag 12 Junie:** Bid vir die leiers van FEBA Rusland en FEBA Oekraïne. In Rusland word die span deur die owerhede dopgehou en beboet, terwyl die span in Oekraïne te kampe het met die daaglikse realiteit van oorlog. Bid dat God die FEBA-leiers wysheid en krag sal gee om hul spanne veilig deur moeilike tye te lei.

**Vrydag 13 Junie:** FEBA Kazakstan hou seminare om vrae wat hulle tydens uitsendings ontvang, te bespreek. Baie deelnemers is Moslem en besprekings kan uitdagend raak. Bid dat die FEBA Kazakstan-span vol van die Heilige Gees sal wees wanneer hulle met luisteraars in gesprek tree, sodat elke woord mense nader aan Christus sal lei.

**Saterdag & Sondag 14-15 Junie:** Alkoholmisbruik is 'n reuseprobleem in Moldowa en kinders ly dikwels die meeste onder hul ouers se verslawing. Daarom ploeg FEBA Moldowa so baie energie in hul jeugprogramme in. Of dit 'n program is om kleintjies van Jesus se liefde te leer, of Bybelstudies en byeenkomste vir tieners...FEBA gebruik elke beskikbare wyse om Moldowa se jeug met Christus te verbind. Bid dat FEBA se programme Moldowa se jeug sal help om God te ontmoet en in Sy weë te wandel.

---

**Maandag 16 Junie:** Angs en wanhoop is ongelukkig algemeen onder vandag se jeug. Baie voel verlore te midde van uitdagende omstandighede. FEBA saai jeugprogramme in meer as 150 tale uit en moedig jongmense aan om hul sorge aan die Here oor te laat in ruil vir Sy vrede. Bid dat hierdie programme hoop en vertroosting aan elke luisteraar sal bring.

**Dinsdag 17 Junie:** "Ek glo werklik in wat julle doen. Dankie dat julle my met raad en toerusting help. Ek wil regtig by julle leer!" (Christian, 'n tiener in Moldowa wat saam met FEBA werk om die evangelie met ander tieners te deel. Bid asseblief dat sy bediening sal vrug dra.)

**Woensdag 18 Junie:** "Want hiervoor werk ons hard en stry ons, omdat ons ons hoop geplaas het op die lewende God, wat die Verlosser van alle mense is, veral van die gelowiges ... Laat niemand op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in gedrag, in liefde, in betroubaarheid, in reinheid." (1 Timoteus 4:10-12 Afr20)

**Donderdag 19 Junie:** Bid vir die aanbieders van FEBA Kirgisië se Bybelprogram. Die program word regstreeks uitgesaai en leer die Moslemgemeenskap van Jesus en die Bybel. Kirgisië het onlangs wetgewing goedgekeur wat evangelisasie meer uitdagend maak. Bid vir God se leiding en wysheid waar die span FEBA se missie uitvoer.

**Vrydag 20 Junie:** 'n Klomp jihadiste-aanvalle het onlangs in die Niassa Provinsie, Mosambiek, voorgekom en mense is gruwelik aangerand en doodgemaak. FEBA het drie radiostasies in Niassa – Fountain of Truth, Radio Chiuanjota en Victory FM. Bid vir die personeel en luisteraars, en bid ook dat FEBA Mosambiek se uitsendings die jihadiste se harte sal aanraak, want by God is niks onmoontlik nie.

**Saterdag & Sondag 21-22 Junie:** Die konstruksie van FEBA Soedan se radiostasie in die Nuba-berge is goed op koers, maar daar lê nog baie werk voor! Die gebied het bitter min infrastruktuur, swak paaie, geen elektrisiteit- of waterinfrastruktuur nie, en swak selfoonopvangs. Die omliggende gemeenskap is die radiostasie egter baie goedgesind. Bid dat die gebou veilig voltooi sal word, dat die regte personeel gestuur sal word, en vra vir sterk verhoudings en oop harte. Vra ook vir God se wysheid waar die span oplossings vir elke hindernis soek.

---

**Maandag 23 Junie:** 'n Nuwe besending van FEBA se radio's is na Malawi en Mosambiek gestuur, waar hulle aan luisteraarklubs in afgeleë gebiede uitgedeel sal word. Bid vir God se seën op elke radio en vra dat elke uitsending tot luisteraars se harte sal spreek en die bemoediging sal gee wat hulle nodig het.

**Dinsdag 24 Junie:** "Na verskeie maande van luister na KanuYah FM het ek uiteindelik die beste tegniek vir probleemoplossing ontdek – gebed. As gevolg daarvan is ek na Christus toe gelei, in wie se naam ek altyd bid. Ek het geen woorde om die positiewe verandering in my lewe te beskryf vandat God beheer van alles geneem het nie." (FEBA-luisteraar in Mali)

**Woensdag 25 Junie:** "Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet." (Jakobus 1:12 Afr83)

**Donderdag 26 Junie:** Buiten vir uitsendings in Frans en Arabies, beoog FEBA Tsjad om in nog twee tale te begin uitsaai, waaronder Ngambay, wat sowat een miljoen moedertaalsprekers het. Bid vir God se wysheid soos wat FEBA Tsjad inhoud in hierdie tale skep en vra Hom om mense se harte voor te berei vir Sy Woord.

**Vrydag 27 Junie:** FEBA vorm deel van die Jemen-projek, 'n netwerk van organisasies wat saamwerk om die evangelie in Jemen te deel. Die projek saai geestelike programme, waaronder FEBA se Reality Church, via kortgolf radio uit en ondersteun die kerk in Jemen. Bid vir God se seën en beskerming op die Jemen-projek, en dat die programme oorvloedige vrug sal dra.

**Saterdag & Sondag 28-29 Junie:** FEBA se vennoot in Irak het onlangs 'n nuwe program begin uitsaai waarin gelowiges hul getuienisse deel. Baie luisteraars het die stasie al gekontak met vrae oor Jesus. Die span brei ook sy bediening uit na 'n tweede stad met 1.3 miljoen mense, waar God reeds mense se harte voorberei – hulle het al die radiostasie begin gekontak om vir Bybels te vra! Prys God vir Sy voorsiening en bid dat Hy FEBA se vennoot, sowel as die luisteraars, sal bewaar in 'n land waar gelowiges vervolg word.

---

**Maandag 30 Junie:** Sowat 98% van Pakistan se bevolking is onbereik. Islam deurdring die land en kultuur, wat min geleenthede laat om die evangelie te hoor. FEBA Pakistan saai uit op FM-radio, medium- en kortgolfradio, en op sosiale media. Bid dat elke uitsending nuwe luisteraars sal trek en die saadjie van die evangelie in hul harte sal plant.




+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa